

onder Eng. invloed staan, bv. *halfbloed*, *volbloed*, *volstroom*, *eerste-klas*, *tweede-klas*, *derde-klas*. Afr. 'n *tweedehand jas*/*boekverkoper*, 'n *halfmas broek*, ens. is angl., maar *kaalvoet*, *blootshoof*, ens. is suiwer Afr.

Snw. en Bnw. : Behalwe wanneer samestellings uit snw. en bnw. beteken : "so bnw. soos snw.," bv. *vuurwarm*, is hulle angl., bv. *waterdig/proef*, *lugdig*, *vuurproef*, *jakkalsproef*, *daardie barbaarse twaalfdag-oue stoppelbaard* (de Waal : Oorlog), 'n *jaaroud perd*, ens. Hoewel "kniediep" nie in Nedl. bestaan nie, is sy gebruikseer suiwer Afr. (vgl. *kniediep-voordag*).

Snw. en Verl. Deelw. : In Eng. word samestellings uit snw. en verl. deelw. veelvuldig gebruik, bv. *travel-stained*, *weather-beaten*, *moth-eaten*, veral in die poësie, bv. by Tennyson en Keats. Ook in die Nedl. poësie van na '80 kom dit voor, en dan onder Eng. invloed. In die Afr. poësie is direkte Eng. invloed egter waarskynliker, veral as mens die individuele samestellings met die Eng. vergelyk. Die volgende paar is in die prosa aangetref : *songekuste vlaktes* (DK 1.6.32—*sun-kissed*), *songebakte straatjie* (Marietjie 209), *songemartelde veld* (Safari 195), *droom omwaasde, maanbestraal* (dr. S. J. du Toit in DB 22.7.32), *bosbegroeide* (Potgieter 177).

Wat woordafleiding betref, word Eng. invloed soms by **Bywoorde** op **-lik** gevind : In Afr. word byw. en bnw. gewoonlik in dieselfde vorm gebruik ; in Eng. bestaan feitlik alle bywoorde uit bnw. en *-ly* ; bv. *vryelik* (Geraamte 76), *grootliks* verlaag in prys (DB 21.1.31). Dis moeilik om die Eng. invloed vas te stel omdat Afr., en meer nog Nedl., bywoorde soms *-lik* het.

(ii) **VERBUIGING.** Soos alle klassifikasies op aarde, is die oorgelewerde grammatikale indeling van die taaleenhede uiters onvoldoende. Omdat daar nooit vaste skeidslyne kan bestaan nie, gebruik ons egter die ortodokse, en sal hier taaleenhede ter sprake kom wat miskien by die afdeling "Sinsbou" tuis hoort.

SELFSTANDIGE NAAMWOORD.

Meervoud: -s. Die meervouds-*s* is in Afr. uitgebrei, maar byna uitsluitlik wat betref vreemde (d.w.s. Eng-beïnvloede) woorde, bv. *professors, lektors, hotels, offisiere, Auburn Agts* (DB 24.1.36), *in die twintigs* (5.1.31), *drie dries* (15.7.32). By Eng. kinders is daar 'n sterk neiging om *-s* te gebruik. Hoewel hierdie neiging in Afr. beperk in omvang is, word dit aangetref ook in Nedl. en by suiwer Afr. woorde buite Eng. invloed om (vgl. Bosman: *Ontstaan*, en Verdam 260 vlgg.). 'n Meervoud soos *Goewerneurs-Generaal* (DB 26.1.31) is egter lynreg in stryd met Afr. taalgewoontes, al is dit die logiese meervoudsvorm.

-e. Omdat (tenspyte van wat Verdam sê) in die oorgrote meerderheid van gevalle die Afr. meervoudsuitgang *-e* is, word Eng. meervoude van *maatname* dikwels in Afr. oorgesit, bv. "*Dryf Stadig: 20 Myle*", *Hy verdien vyf jare (in die tronk, de Waal: Oorlog 123), tien ure geslaap*, ens. Dis moontlik ook aan suiwer Afr. analogie te wyte: baie *maatname* word in die meervoud gebruik, bv. *sekondes, minute, dae, nagte, weke, maande, eeue, stuiwers, oortjies, pennies, trippense, sikspense, shillings, halfkrone, ghienies, jaarts, onse*. Omdat bv. *15 voete diep* on-Afr. voel, is Eng. invloed egter die waarskynlikste oorsaak (vgl. *5 shillings × 2 outhap*). Die afwesigheid van mv.s-uitgange by *al die bees/skaap* kan die gevolg wees van (a) analogie met *maatname* en *stofname*, (b) Hottentot- en Bantoeïnvloed (nie van Eng. nie—gebruiksfeer).

Die gebruik van die meervoud in *Ek dra brille*, wat taamlik uitgebreid is, is duidelik aan Eng. invloed te wyte. Dit geld ook van 'n taaleenheid soos *middae* in *Ek slaap middae/aande/nagte/oggende* (min gebruiklik).

In alle tale is dit moeilik om te weet wanneer 'n *abstraksie of stofnaam* in die meervoud gebruik kan word. Wat Afr. betref, is bv. die volgende egter angl. : *portwynne, Oosterse sye (silks), grane; koninklike hooghede en majesteite* (Volkstem 28.6.30). Vgl. egter *stene, ysters, genoëns, die magte van die duisternis*, ens. Kyk ook bls. 175: Abstraktheid.

Geslag : Die verwaarlosing en verdwyning van die geslagsuitgange in Afr. kan 'n natuurlike ontwikkeling wees, of aan die Eng. gebrek aan geslagsuitgange te wyte wees, bv. *Sy is my onderwyser* (die *-es* is vir die onderwysers so belangrik dat dit in Afr. besonder sterk geword het), *vriend*. Die eenvoud (t.o. ingewikkelde, lomp geslagsuitgange), die bondigheid, en die logika (die uitgang herhaal gewoonlik wat die verband reeds aangetoon het) steun almal hierdie ontwikkeling, tensy daar bepaalde redes bestaan om die uitgang te behou (bv. ondubbelsinnigheid). 'n Formasie soos *meisievriend(in)* is 'n duidelike angl., en toon die behoefte aan geslagsuitgange af en toe.

Naamval : In Afr. bestaan daar by die snw. net een naamval wat van die stam afwyk, nl. die genitief.

Partitiewe Genitief : (1) Dikwels tref ons *se* aan, wat van die ou partitiewe genitief kan afstam, maar on-Afr. en Eng. voel, bv. *veertig jaar se leierskap, in 'n halfuur se tyd, 'n uur se loop, £5 of meer se boeke*. Die Afr. het die genitiefs-*s* in hierdie gevalle verloor, bv. *veertig jaar leierskap, 'n pond suiker, vyf minute stap hiervandaan*. Die gewone : " 'n Shilling se suiker asseblief" staan ook onder Eng. invloed. Nedl. sê soms : *in die tyd van 'n maand*.

(2) Alleen as 'n bnw. na *iets, niks, min, wat* ens. 'n snw. word, besit Afr. nog die genitiefs-*s*, wat egter in Eng., en dus dikwels in Afr., ontbreek, bv. *Hier is niks beter/mooi/goed/nuut nie, niemand beter nie, Dat die saak niks ernstig is nie* (Merk Gemaak 171), *daar is iets dieper agter al hierdie sterfgevallen* (DH 12.8.32).

Sowel in Nedl. as in Afr. vind ons soms (onder Eng. invloed selfs in Nedl. sover ek kan nagaan) *-s* of *-s'* as teken van die genitief. Die genitiefs-*s* bestaan nog in Nedl., maar die afkappingsteken is van Eng. oorsprong, bv. *van Dale's Woordenboek*, t.o. bv. *Jezus Geboorte/Opstanding* (Gesangboek). In Afr. bestaan die genitiefs-*s* nie meer nie (behalwe partitiewe genitief), en moet dit dus òf aan Nedl. òf aan Eng. invloed toegeskrywe word as dit voorkom ; as dit *-s* gespel word, is dit 'n geval van (miskien indirekte) Eng. invloed, bv. *Rome's juk en mag, Rome's mag*, (Herodes 20, 24), *De Wet's Krismis-Box, Kitchener's Speech* (Reitz :

Oorlogs e.a. Gedigte), *genade's guns, vyand's lood* (Celliers). Hierdie -'s is egter te literêr om van belang te wees. Van groter belang is die -'s by sakename, bv. *Reuter's, die beste plek is Ackerman's/Juta's/Beckett's*. Hulle is eintlik leenwoorde, en dus nie 'n voorbeeld van Eng. invloed op die Afr. vormleer nie: hulle is blote name—*Ackermans* ens. soos *Jacobs* ens.—wat so gehoor en so gebruik word. Hulle kan die vormleer beïnvloed alleen as hul getal so vermeerder dat die deurlopende ooreenkoms (-s) geïsoleer en verder toegepas kan word (analogie).

Verder is daar wat die substantiewe betref net stukkies en brokkies, soos *help* wat met *hulp* verwar word (Eng. *help*, snw. en ww.).

VOORNAAMWOORD.

Persoonlik: (1) *Laat my dit doen* × *Laat ek dit doen* kan aan skoolinvloed, oorblyfsel van die oorspr., of aan Eng. te wyte wees; so ook *laat hom/haar*

Jy/Hy en ek i.p.v. *Ek en jy/hy* kan die gevolg van beleefdheid (d.w.s. onder Eng. invloed) of van Eng. wees.

Laat ons so 'n bietjie dit sien, man, Gee ons 'n kans, jong, Staans ons 'n cafe, ens. i.p.v. *my* word dikwels aangetref en is te wyte aan die invloed van die Eng. spreektaal: "Let's have a look".

Ag kyk, waarom is ons vanaand dan so beleefd? is eweneens aan die Eng. spreektaalgebruik te wyte; die Afr. is: *Waarom is jy dan vanaand skielik so beleefd?* Dieselfde betekenisskakeling vind ons egter in die besitlike: *Nou was ons maat al*, wat Nedl. is.

(2) Half spottend is ook die gebruik van **JOU** bv. in: *Jou tipiese Kapenaar; Nie vir hom die eensydige jag van jou armstoel-wysgeer nie. Gevare word vir hom gemaak om te trotseer* (DK 17.2.32). Omdat dit in Eng. nie eintlik 'n spreektaalgewoonte is nie, maar 'n letterkundige gebruik, bv. *Your Londoner is a curious fellow*, word dit selde in Afr. aangetref en is dit onbelangrik. Die aanhaling is dan ook deurtrek van Engelsheid: *Not for him the one-sided hunting of your arm-chair philosopher. For him dangers are*

made to be defied. Die suiwer Afr. is : *so 'n, die (tipiese).* Gebruiklik onder politici is die gebruik van *jou* in 'n sin soos : *daar het jy nog jou naturel*

Gevaarliker is die invloed van die Eng. *you* vir enkelvoud en meervoud, eerbiedsbetoning en kleurloosheid : (*Kinders*) *Sit jou boeke weg* (seldsaam) ; *Dominee, kan jy* Die gebrek aan afsonderlike vorms vir die meervoud en die enkelvoud is 'n ernstige swakheid in Eng., en in Afr. moet en sal altwee vorms behou word ; die kleurlose gebruik van *you* is egter soms waardevol. Buitendien is *u* 'n aangeplaktheid : die eg-Afr. eerbiedige aanspreekvorm is die herhaling van die aangesprokene se titel ; bv. *Meneer, kan meneer ; Mammie, sal mammie asseblief*, ens. *Jy* in dgl. gevalle is m.i. 'n angl. ; heel natuurlik pleit Langenhoven daarvoor.

(3) HY : Die Eng. slang-gebruik van die accusatief na *is*, bv. *That's him/her, It's me* het verasnog geen spore op Afr. agtergelaat nie, al skryf Fichardt in "Onder die Olyfboom" : *dis hom* ; die Afr. taalgewoonte wat altyd die nominatief gebruik, is te kragtig, en die Afrikaner word nie gekwel deur die Engelsman se tipiese kwasi-skaamte om die Ego onverbloemd uit te druk, of sy vrees vir pedante ghibrowism nie.

Hom neus (S.W. Kaapland) is 'n Hottentottisme of Bantoeïsme en nie veroorsaak deur die Engelsman se verwarring van *sy* × *she* en *sy* × *his*, en sy gevolglike gebruik van *hom* soos *haar* : en accusatief en genitief.

SY : Die personifiërende gebruik van *sy* i.p.v. *dit* is 'n angl., bv. *Kom sy ?* (algemeen i.v.m. treine en lokomotiewe), en is deur middel van die motor aan die uitbrei ; die eg-Afr. personifikasie, wat dikwels aangetref word, is *hy* ; vgl. *Daar werd gevoel dat die Kerk ook haar aandag aan die vraagstuk moet skenk Maar terwyl die Kerk dit moet doen, moet hy ook ten volle* (DK 24.12.30). (Die verwarring toon die ongewoondheid aan.)

DIT : Die gebruik van voorsetsel en *dit* i.p.v. *hier/daar* voors. word, gewoonlik tereg, aan Eng. invloed toegeskrywe, bv. *Meerderheid Onder Dit 'n Morele Nederlaag* (DB 26.11.36) ; *Sy leer vir dit ; omtrent dit*. (Volkstem 28.6.30) ; *sonder dit*

(DB 24.1.31). Die Afr. gebruik is egter nie konsekwent nie (bv. *volgens/buiten/behalwe dit*); en die voors. + *dit/die* is taamlik algemeen onder die ouer boermense, veral as daar nadruk by kom (d.w.s. *dit = that/this*); bv. *Vóór dit/die het hy nooit gedrink nie, agter die, oor dít het hy geraas, ná dit*, ens. By *die* kan na *wie* × *waarna* invloed uitgeoefen het. As sowel voors. as vnw. sonder nadruk uitgespreek word, het ons te doen met 'n angl., bv. *Wat agter dit gebeur . . .*

Aanwysend: HIERDIE, DAARDIE, DIE, word in Afr. nie substantiwies gebruik nie; Eng. *Those/These included large village schools: Dié het ingesluit groot dorpskole* (Onderwysgaset 21.7.32) [*Hulle/(Hier) die gevalle (ens.) het*]; *Dié is net so duur [dit is . . . , (Hier) die ding/jas (ens.) is]*, *Woorde soos hierdie noem ons anglisismes [Sulke woorde]*, *Daardie was die enigste partytjie* (de Waal: Oorlog 143), *Is daardie die kêrel wat die prys gewen het? [Is dit die kêrel daardie . . . , Is dit daardie kêrel wat . . .]*.

DIE VAN: Om herhaling van 'n reeds gemelde woord te vermy, gebruik Eng. *that*, bv. *My pen is better than that of John*; *My pen is beter as dié van Jan* is nie Afr. nie, al kan dit miskien ook 'n Nederlandisme wees—die eg-Afr. is: *My pen is beter as Jan s'n*. So ook: *Miskien is die beste voorstelling van die struktuur dié van opmekaarliggende lae* (Coetzee 54; N.B. *opmekaarliggende lae* besit geen voorstelling nie), i.p.v. *Die struktuur kan miskien die beste as opmekaarliggende lae voorgestel word; Hy het 'n beter plaas gekoop as dié van sy broer (as sy broer s'n)*.

DAARDIE: In Eng. word *that* dikwels gebruik met die betekenis: "úitstekend, belangrik, welbekend, uitstékend," bv. *That well-known property, Hillcrest*; die volgende is vertalings van dié soort *that*: *Daardie breëre opvoeding wat van groot waarde is; een van daardie prente wat van belang is; een van daardie persoonlikhede in die Eng. politieke geskiedenis wat . . .* (DB 5.1.31); *die vel moet so skoon en rein wees dat dit daardie glans van volmaakte gesondheid weerkaats* (DB 8.1.31); ens. Suiwer Afr. sou sê: *die*; miskien: *die kenmerkende (glans)*. Dit word veral by anglisistiese skrywers aangetref: *Hy was 'n soort van 'n*

bevallige man, die soldaat. Slegs sy oë het sy karakter verraaï. Hulle was pittig en ook betroubaar, daardie oë, en so rond soos appelderkiefdes (Maré : Die Buitepos).

DIËS : Die gebruik van *dies* as meervoud van *die*, bv. *Dies wat so praat, Hulle anglisismes is meer opvallend as dies van die Afrikaners*, is waarskynlik soms aan Eng. invloed maar gewoonlik aan die analogiese uitbreiding van die meervouds-*s* te wyte (vgl. *diegenes, anders* hier onder).

DIT ALLES is miskien 'n Nederlandisme, maar alte seker nie Afr. nie ; indien dit nie geheel en al 'n angl. is nie, is dit 'n Nederlandisme wat sy ontstaan in Afr. aan die Eng. drukking te danke het : *Onder dit alles het hy (Onder al hierdie goed/gebeurtenisse/beledigings, Onder alles), Dit alles het hy gedoen (Dit het hy alles gedoen), van dit alles, by dit alles* (DK 15.3.33), ens.

Nadruklik (Emphatic) : Omdat die Engelsman sê : *I myself did it*, sê baie Afrikaners : *Ek myself het dit gedoen*, of : *Eksel self het dit gedoen* i.p.v. *Ek het dit self gedoen* ; die vorm : *George en myself het* is vinniger aan die uitbrei omdat dit Eng. slang is en dus meer gehoor word : *Twee kandidate is voorgestel, myself en* (Sen. C. A. van Niekerk in DB 31.5.32), *Sy haarsel self het hulle leer swem* (DH 9.1.31) ; *'n klein subkommissie, bestaande uit Ds. X, Prof. Y en myself* (DK 1.4.36), *Ek is A1, hoe is jysel self? Ek ken die meisie haarsel self*. In verbindings soos : *Ek het myself gekontroleer* (DB 5.1.31), *Eksel self het dit gedoen*, kan dit wees dat *my self, ek self*, waar *self* die Afr. nadrukswoordjie is, tot *myself, eksel self* saamgesmelt het.

Wederkerend : Van die uitbreiding van *self* by wederkerende vnw. in die 3e pers. geld dit nog meer ; die vnw. word nie alleen soos in Negerhollands "in den regel versterkt door toevoeging van het woord *self*" nie (Hesseling 100), maar word daardeur soms duideliker uitgedruk, bv. *Sy wás haar* × *Sy wás haar self* (*haarsel self*), *Hy trek hom aan* × *Hy trek homsel self aan*, *Hy het hom vergeet* × *Hy het homsel self vergeet* (Langenhoven : Geraamte 53). As *self* aangewend word om dubbelsinnigheid te vermy, is dit waarskynlik suiwer-Afr. ; maar in die 1e en 2e pers. kan hierdie motief

nie geld nie, en moet die *-self* as 'n angl. of as 'n moontlik-suiwer nadruksvorm beskou word: *Ek het gewoonlik 'n potlood by myself*; *In billikheid teenoor myself hoop ek u sal* (DB 27.1.31); *Hartlike groete aan jousef, Pa en Ma*; *Kyk vir jousef in die spieël*. Selfs in die 3e pers. is die *self* egter waarskynlik aan 'n anglis. uitbreiding, bv. *Kans om homself te verweer* (Oerwoud 55), of 'n deur Eng. ontstane behoefte aan ondubbelsinnigheid, te danke: Vandag nog gebruik oumense baie selde *self*, en in die Afr. van ongeveer 1830 word *hom* gebruik selfs waar onsekerheid kan ontstaan, bv. *Had Carolus hem in zijn been gekapt, Jan Pretorius heb ook een mes voor hem gemaakt* (Trigardt 86, 87), *dat elk Jongeling van 15 Jaaren oud die hem laat inschrijven*, ens. (Raad van Representante van die Volk, 1839, in V.A.K. 3.3.33).

Die verbastering: *Ek mysigselwe* (Langenhoven, bv. *Stille Waters* 99; *Sonde* 36; van Bruggen: *Rante* 23) lyk my die uitvloeisel van die besef dat *ek myselwe* darem nou te Eng. en *sigsself* te Nedl. is, en die poging om dié besef onder 'n grappie te verberg.

In Eng. het die ontwikkeling: (*He hurt*) *him self* (*self*: *dieselfde* + bnw.) tot *himself* plaasgevind nadat Angelsaksies van die Vasteland geskei is; selfs Chaucer skryf nog:

“Upon a night in sleep as he him laid.”

Deur *herself*, *itself* (accus.) is *-self/selves* ook na *my/our/yourself* (genit.) uitgebrei; en uiteindelik het *self* 'n snw. geword: *The Ideal Self*. In laasgenoemde sin is dit dus 'n onbetwyfelbare angl., bv. *Die meisie word weer haar gewone self* (De Waal: *Oorlog* 58).

Wederkerig: (*Die*) *een die ander* as wederkerige vnwe. i.p.v. Afr. *mekaar* is miskien 'n angl.¹, bv. *In die dae van spanning het gebeurtenisse snel een die ander opgevolg* (*Misdade van die Vaders* 228). Dit kan 'n gevolg van kontaminasie wees met eenhede soos: (*Die*) *een of ander het so gesê*; (*Die*) *een wil sus, die ander so*; *Stadigaan verdwyn die Fariseërs een na die ander*.

Betreklik: *Wie* i.p.v. *wat* vir persone kan aan Eng., Nedl. en Afr. invloed (Afr. *wie* na voors. en in vraagsinne)

¹ Kom in Statebybel voor.

te wyte wees, bv. *Afrikaners wie hulle in Natal bevind*. Dis die Eng. persoon wat dit veral gebruik.

Voors. en wat i.p.v. waar-voors., gewoner as vraende vnw., bv. *Op wat ry hy? Met wat skrywe hy?* is aan Eng. te danke, al kan Afr. meegewerk het, bv. *Die pen wat ek mee skrywe* (vgl. ook by voors. en dit).

Wat met die trekkery en my man se siekte, het ek . . . is 'n angl.

Dit is . . . dat . . . is soms 'n (stilistiese) angl., bv. *Dis hier dat mens die versigtigste moet wees* (Afr. *wat*, afgesien van die Eng. styl), *Dit is in die bestudering hiervan dat dit bemerk is*, *Dit was nie voor die jaar 1801 toe die blou wildebees vir die eerste maal aangetref is*. Omdat dit in Afr. byna altyd dubbelsinnig is, word dit in suiwer Afr. selde gebruik, bv. **Dit is die vrou wat . . .** × **Dit is die vrou wat . . .**

Sulke . . . as is 'n angl., bv. *Sulke van ons dogters as belang gestel het* (M. E. R. in DB 14.7.32) i.p.v. *Diegene onder . . . wat*, *As daar van ons dogters was wat . . .*; *Sulke mense as gekom het*, i.p.v. *Die mense wat . . .* 'n Sin soos: *Ons bepaal ons tot die bespreking van sulke anglisismes wat . . . gebruik word*, vloei voort uit die kontaminsaie van "sulke . . . as" met "die . . . wat". *Assulks is 'n angl.*: *Hy is voorsitter en assulks moet hy . . . (as sodanig)*. *Al sulke* is 'n vertaling van "all such", bv. *Die Departement wil dit graag onder die aandag bring van onderwysers wat voornemens is om by hulle uitdienstreding aansoek te doen om 'n terugbetaling van hulle pensioenbydraes . . . , dat al sulke aansoeke deur bemiddeling . . .* (O. Gaset 9.3.33) (Afr. *sulke aansoeke almal*). So ook: *Al sulke seuns moet . . .* i.p.v. *Sulke seuns moet almal*.

Vraend: *Wat soort mens . . .?* soos *What sort of (Watter soort)*; *Wat 'n jammer!* (*Hoe jammer tog!*), is voorbeelde van anglisisties gebruikte vraende vnw.

Onbepaald: EEN. Soos in baie ander gevalle, het die Eng. aangesluit by en krag bygesit aan die reeds bestaande gebruik van *een* soos Eng. "indefinite" *one*, bv. *Jy's ook weer 'n mooi een!* In Mnl., Antwerps, Zaaans, Wesvlaams, e.a.

Nedl. dialekte word *een*, *eens* op presies dieselfde wyse soos Eng. *one*, *one's* gebruik, bv. *Daar is een by die deur*, *Dus mach een meer goets beia ghen* (Stoett 38 ; *so kan 'n mens . . .*). Die taaleenheid *ene* soos in "ene Malan" is suiwer spreektaal-Afr. ; die Eng. "one Simon" is tot grotendeels die Bybel beperk. Hierdie geval bewys egter weer dat 'n eenheid in Afr. nie as suiwer bestempel kan word, bloot omdat dit in die een of ander Dietse dialek voorkom nie ; die in Afr. seldsame *Een moet een se werk doen* is bv. skroeiend rooi Die Afr. taalgevoel self moet die deurslag gee ; so voel *Dis 'n swarte* meer Afr. as *Dis 'n swart een*. Die gebruik van bnw. *een* teneinde lastige herhaling te voorkom, is Mnl., kom voor in Bredero, die Bybel, Fries, Stadfries, ens., en is gewoonlik suiwer Afr. maar dikwels anglisties, bv. (suiwer Afr.) *Hy het die kleinste appel geneem en die grootste een aan my gegee*, t.o. (angl.) *Dat daardie voorbereiding 'n lank (N.B.) en kostelike een is* (DK 22.2.33) (*kostelike* : *costly, expensive*), *Jy moet jou maar vir 'n vinnige tyd klaarmaak en ook vir 'n duur een* (Merk Gemaak 148), *'n baie beter een as die ander een* (Ib. 163), *'n dom seun en 'n slim een, die vraag was 'n moeilike een*. As hierdie *een* sonder 'n bnw. gebruik word, is hy in Afr. meestal 'n angl., bv. *die beleid wat tans teenoor die naturelle gevolg word is een van speldeprikke* (DB 29.1.31), *'n moeilike punt en een waaroor al baie gedebatteer is* (le Roux en Pienaar, par. 333), ens. *Die bruines vir een sal g'n gif koop om die miere . . .*, is veral hinderlik onafrikaans. (As bnwe. beskou ons hier rangtelwe., lidwe., aanw. en vraende vnwe. : *die tiende een, die een, hierdie een, watter een*). Vgl. verder J. J. le Roux 64, Mansvelt, de Unie Mrt. 1912, Schonken, Boshoff, Barnouw, Nauta, Van Helten (Mnl. en Vondel's Taal), Mnl. Wdb. III 380, de Bo, Jacobs (Westvlaamsch), N. Taalgids XIII 46, Jespersen (Mod. E. Grammar), Kellner (Hist. Outl. of E. Syntax), Sweet (New E. Grammar, I 87, II 66), ens.

Mens ('n mens) : nie Eng. ("one" × "a person") maar assimilasie.

Jy (bv. na *mens*) : algemeen menslik, vgl. Latyn.

'n Seker man (seker man) : Afr. neiging en kontaminasie deur Eng. versterk.

Enige soos *any* (elke): Soms eiegoed (dus ontstaan "enigste": volgens Hettema 22 deur hele Nedl. volk gebruik), soms angl., bv. *Indien met enige sukses pogings aangewend word* (DB 5.1.31), *op enige en elke geleentheid* (25.2.32), *Dr. V. het die sterkste rug van enige atleet in S.A.* (tipies Eng. en onafrikaanse fout).

Al: *Al die skool, al die tyd* (vgl. *Al die veld is vrolik*: kontam. met *al die voëltjies sing*; meestal egter Eng.).

Vir al sy volk (DK 14.1.31; vgl. Afr. "al my tyd").

Almal van ons: vgl. *beide van wie* (DB 1.1.31), *elkeen van my vriende, die twee van julle, die hele van S.A.* Veldwinnend.

Elk: So ook *elk van die entiteite* (Coetzee 233).

2/- elk: Nederlandisme deur Eng. drukking ingevoer (Afr.: *2/- stuk*). *Julle moet 2/- elk betaal (julle moet elkeen . .)* *Die twee meisies het elk 'n prys gekry (elkeen)*. *Elke tweede/ander week (al om die ander . . .)*.

Ieder: *Sy iedere woord en daad* (Ons Weg 384) uiters seldsaam.

Niks: *niks water*—oorspr. partit. genit., gerugsteun deur Eng. "no water".

Ander: het baie van die skakerings van "(an)other" oorgeneem, bv. *Ons dank u vir die lig van 'n ander dag* (DK 20.7.32), *ander pad kyk, een met die ander was dit £109, die standpunt van die ander man* (DK 4.2.31), *Jy het mos doringstruikie my ander dag gekrap*, ens.

Anders (mv.): Eng. invloed wat by Afr. meervoudsgewoonte aansluit.

WERKWOORD.

TYE:

Voltooid Teenw. Tyd: *het gewees* (has been) i.p.v. *was, is*, ens.: *Die Irenesaal, wat 'n lieflingvergaderplek in Johannesburg gewees het* (Red. DK 15.3.33), *Vir die laaste ses jaar het hy siek gewees (is)*, *Hy het nog altyd skaam gewees*, ens. So ook: *Ja Dolly, ek het jou van jou wieg af geken (ken jou nou al van . . .)*. Veldwinnend.

Verl. Tyd in verhaaltrant i.p.v. teenw. tyd.

Volt. Verl. Tyd : *had* : soms ou-Afr., miskien ook Nedl. invloed, maar (meestal by Langenhoven) speel Eng. invloed ook 'n rol.

Opvolging van Tye : nog meer verward as in suiwer Afr.; in die onsekerheid word Eng. neiging sterker : *Toe hardloop ons uit voor hy weggeroep het.*

VORM :

Onvolt. Teenw. Lydende Vorm : *IS* i.p.v. *WORD* : *Dit moet so gespel wees ; Vandag is hierdie plek "George" genoem ; Sy wingerd is elke jaar in Mei netjies getop ;* ens. Vgl. ook : *As die Gees van die Heer soos 'n sterke gety opkom, sal alle poele bedek en uitgewis wees* (Red DK 13.7.32).

Onvolt. Verl. Lydende Vorm : *WAS* i.p.v. *IS* : *Cape History was ook later op die werkrooster geplaas* (Nienaber 41) ; *Die begrafnis was bygewoon deur . . .* (DH 8.4.32), *In Junie 1838 was J. Boshoff as President gekies* (Lugtenburg 2), ens. Baie algemeen.

Volt. Verl. Lydende Vorm : *WAS GEWORD* i.p.v. *WAS* : *As 'n nasie was S.A. geïnfekteer geword* (Oratio Obliqua) ; *Daarna was hulle doorgemaak geword.* Seldsaam.

Dubbel Verlede Tye : Wanneer 'n mens in die biblioteek staan, dan kom 'n mens onder die indruk van die jare van werk wat deur die vertalers en hersieners *moes gedoen geword het* (must have been done, DK 4.2.31). Sluit by Afr. aan.

Onpers. Lydende Vorme : Dit moet onthou word dat . . . , Dit sal onthou word dat . . . (DB 21.1.31) ; Afr. : Die leser moet/sal onthou.

WYSE :

Aanvoegende Wyse : *mag* : Hy mag sy werk doen (*kan/sal miskien*) ; Dit mag waar wees (*kan*) ; Jy mag gaan ; Ons mag dink dat (*ons dink miskien*). Afr. *mag* net vir wense : "Mag ek nooit . . ."

Gebiedende Wyse : Laat ons gaan (*Kom ons . . .*).

Onbepaalde Wyse (Styl) : Om hom te sien was om hom lief te hê. (*Gevolg, nie doel nie*) : Hy het die huis

gehaal, maar slegs om te sien dat alles gesteel was ; Die skurk draai uit om die vertroubare, goeie mens te wees (DB 8.11.32). Vgl. bls. 30.

(*Oorsaak*) : Ek het geskrik om te sien dat . . .

(*Na snw.*) : Gewoonlik Afr., soms Eng. : Hy is 'n man om lief te hê ; Boeke om te lees ; Hy was nie die man om mee te . . .

(*Sonder OM*) : Na *skyn, blyk, lyk*, ens. soos "seem to be", gerugsteun deur Nedl. Slegs skryftaal.

(*Lydende Vorm*) : Te word gelewer, gelees te word (Afr. *moet gelewer word*) ; Eng. "to be delivered", Nedl. "geleverd te worden".

GERUNDIUM :

(a) Deur die insit van 'n . . . , in die maak van, ens.

(b) Die nut van dit te doen (*die nut daarvan om*).

(c) -ING : Met die organisering van die partytjie (Merk Gemaak 198), 'n protes teen die optrede van die burgemeester registreer (Red DK 1.3.33), in die dosering van matisis, ens. V. Dl. II.

DEELWOORD :

Teenw. Deelw. : is altyd agterdogwekkend : (a) *Attributief* : 'n verliesende stryd (DK 5.8.31), Die Missende Skakel (DB 1.12.32, figuurlik), alle dinkende mense, die denkende deel van die volk, die helpende hand, 'n brandende vraag, 'n werkende kennis/hipotese ; hierdie presserende vraag (DK 24.12.30), die komende konferensie/jaar ; die boerende bevolking (DK 27.7.36) ens.

(b) *Predikatief*, feitlik altyd Eng. : die jaar beginnende 2 Februarie (DB 23.1.31) ; Spreekende van prohibisie, my ondersoek het . . . (DK 5.10.32, tipies Eng. fout) ; glase, voorstellende Bybelse prente (DK 14.1.31), ens.

Verl. Deelw. : Predikatief : Boeke ontvang (DH), Lys boeke gelees (geleesde boeke).

Onoorganklik i.p.v. oorganklik : (a) Ek is skaam/spyt, ens. i.p.v. Ek skaam my, Dit spyt my. Eng. neiging gee deurslag by Afr. onsekerheid (vgl. *Ek is reg*)—by "Ek herinner my" kom g'n Eng. konstruksie met IS nie.

(b) Of jou boek sal verkoop (Stille Waters 113); Gordynstrikies wat Goed sal Verkoop (DB 17.8.36); As sulke intieme vriende ontmoet (Eerste Skrywers 16); Dit lees so: ; Die prent wat gewys het; Stuur vir 'n dokter; ens. Malmesbury stel teleur (DB 2.6.36).

Oorganklik i.p.v. Onoorg.: (a) Dieselfde berge voorsien oorvloedig water (DK 16.11.32); boere wat wol groei; 'n Geweer handel; ens.

(b) Die Wesie wat die wêreld gaan veg (Japie); ens.

Onder (a) kom bostaande voorbeelde; onder (b) die Afr. analitiese neiging: Dr. B. antwoord Sen. L. (DB 8.2.30), Studeer die lesings, ens. i.p.v. *beantwoord*, ens.; hierdie afwisseling is ook Mnl., bv. *riden:ride; risen:raise; verwonderen:wonder*, ens. Eng. gee egter deurslag. Vgl. Stoett: Mnl. 269: "Hi hevet gesijn/gewesen/geweest" in Mnl., Znl., e.a. Nedl. dialekte, maar nogtans angl. in Afr.

BYVOEGLIKE NAAMWOORD.

Attributief sonder *-E*: draadloos telegraaf/toestel, 'n populêr kêrel (nooit "kontemporêr nuus" nie—Eng. *-ary*), die kompleks situasie (DK 1.6.32), 'n privaat man, absoluut stilte, 'n selibaat lewe, die modern meisie, 'n finaal jaar student, ens.—feitlik net basters.

Vergrotende/Oortreffende Trap: MEER/MEES en Stellende Trap: kan in Afr.

òf (a) *oorspr. Afr.* (Germaans) wees; bv. Mnl. komparatief kon omskryf word deur *mee(r)*, en die superlat. deur *meest*. Mens hoor soms (grappig) *meer beterder* in Boere-Afr.

òf (b) 'n *Nederlandisme*; in Nedl. is *meer* en *mees* altyd moontlik waar die klank dit wenslik maak, en noodsaaklik waar twee eienskappe van dieselfde persoon of saak vergelyk word, bv. *meer lang dan breed*. In die spreektaal word gewoonlik *-er* en *-ste* gebruik.

òf (c) 'n *Anglisme*; in Eng. word *more* en *most* veel meer as in Nedl. gebruik, af en toe selfs met eenlettergrepige bnwe., bv. *blonde, sick, loose*.

(a) is gewoonlik onwaarskynlik : dit kom byna nooit in die spreektaal voor nie ; word veral deur Eng.-beïnvloedes (bv. koerantskrywers) gebruik ; veel meer by basterwoorde as by eg-Afr. woorde, bv. *meer/mees blond, progressief, privaat, populêr*. I.p.v. *meer lank as breed* sê ons selfs *langer as wat hy breed is* (gewone Afr.). Dit geld selfs die gewone verl. deelw., hoewel die werkwoordelike funksie soms vir *meer/mees* verantwoordelik kan wees ; bv. *die vorm is al meer verswak* × 'n *al meer verswakte vorm*.

(b) moontlik, as skrywer/spreker onder sterk Nedl. invloed verkeer ; bv. *die mees onkundige en kwaadwillige kritiek* (Huguenet, DB 19.1.31), *die mees verskillende sosiale kringe* (Bosman : Oor die Ontstaan 135), *meer opmerklik, mees beproewende* (Okulis : Boervrouw 77, 108). In skryftaal is Nedl. invloed minder swak.

(c) gewoonlik, veral by *mees*, wat m.i. nie Afr. is nie, maar Nederlandisme onder Eng. drukking ingevoer. Beslissing hang van betrokke skrywer/spreker en van betrokke eenheid af. *Meer/mees* word ook op ander maniere anglisisties gebruik, bv. *in 'n mees ernstige stryd gewikkel* ; *'n mees belangrike proefneming* (Unie 6.35), *die mees eervotle Geheime Raad van Sy Majesteit* (V.A.K. 14.6.35) i.p.v. *witers, baie* (in die laaste geval : *Hoogedelgestrenge Raad*) ; *meer en meer onveilig* (DB 22.8.36) i.p.v. *al onveiliger* ; ens. Die "welluidenheid"-motief het nie veel om die lyf nie : enigiets wat dikwels gehoor word is "welluidend" ; as *kritiekste* (Boervrouw 101), *volmaakter* (Ons Weg I, 88), *ongeleënste* (Onder Bevoor. Mense 10), *belowendste* (M. S. B. Kritzinger : Soeklig 9.36), "onwelluidender" is as *mees tirannieke* (DB 22.8.36) ; *mees verskillende* ; *mees-godsdienstige* (Soeklig 9.36), beteken dit dat laasgenoemde taaleenhede vir die betrokke persoon minder vreemd is, wat eerder daaraan te wyte sal wees dat hy so goed Eng. ken as dat hy so met Nedl. vertrouwd is, 'n Ondersoek soos die volgende moet veral in die spreektaal uitgevoer word. 'n Paar boeke en tydskrifte is sonder uitsoek gekies, en 'n aantal blss. vir komparatiewe van meerlettergrepige bnwe. nagegaan. Uitslag :

	MEER/MEES		-ER/-STE	
	Afr.	Baster	Afr.	Baster
Kerkbode 16.9.36, 21.10.36 ...	2	2	9	0
Koningsbode 10.36	0	2	3	0
Soeklig 9.36	3	0	14	1
Ons Weg I (45-end)	0	0	24	0
Onder Bevoor. Mense	0	0	6	1
Altesaam	5	4	56	2

Afr. bnwe. met *-er/-ste* : 92%

Baster-bnwe. met *-er/-ste* : 33%

Hoewel hierdie ondersoek nie uitgebreid genoeg is nie, het dit tog bewys dat, hoe Afrikaanser die taalgebruiker, hoe minder die *meer/mees*. Let op 'n nuttige betekenisverskil wat *-er/-ste* moontlik maak : *meer waardevolle sake* ('n groter aantal) × *waardevoller sake*.

Die Vergrotende Trap word soms i.p.v. die Stellende gebruik : *In sy meer oorspronklike vorm het die dans by barbaarse volkere meestal bestaan in die nabootsing van diere en dinge* (DK 1.3.33) ; *onder die ouer stelsel* (DB 24.1.31), *waar hy 'n jaar lank kleiner rolle gespeel het* (15.7.32). Dit sluit by Nedl. aan.

Selde word dit i.p.v. die Oortreffende Trap gebruik : *Wat is die goedkoper (van die twee)?* (Eng. spreektaal neig ook na Oortr. Trap : *put your best foot foremost*).

LIDWOORDE.

Die en 'n : vgl. le Roux : Afr. Sintaksis 26 vlgg. Oor die algemeen soos in Nedl.; egter meer weggelaat weens (i) Eng. invloed, (ii) analogie (vgl. Stoett : Mnl. afd. 92 : v.d. Veen : Taaleigen afd. 94 ; van Helden ; Vondel afd. 213, 234) : *Vanmiddag is in stortreën 'n gala . . .* (DB 31.12.30), *meeste ander* (do.), *soos meeste van S. se musiek* (5.1.31), *op meeste Yankee plate* (do.), *hy het so baie by Hoofkantoor gelöl, sielkunde leer ons, lente, hy neem wetenskap*, ens. Vgl. Langenhoven se opmerkings in "Hoe om te Skrywe" (weglating soms nuttig). Weglating in sakebriewe is Eng. : *Hiermee erken ek ontvangs van u skrywe i.s. koop van motor.*

5/- 'n uur, £1,000 'n jaar, 10 myl 'n uur : angl.

TELWOORDE.

Vier pond twaalf en ses (£4 12 6), agtien een-en-tagtig (1881), ek werk van ag tot vier, die twee-dertig trein (2.30), ens. Afr. voluit.

BYWOORDE.

(Vgl. bls. 182)

Oorbodige -LIK, bv. *onwilliglik, bewustelik, vryelik*. Bywoord i.p.v. frase, bv. *Hierdie skielike ontroering kan skoon toegelig word* (Schoonees en van Bruggen 31; *op skone wyse*).

VOEGWOORDE.

As i.p.v. of: Weet jy as . . . ? Ek gaan nou kyk as ek een kan kry. Selfs ontwikkelde Afrikaners (bv. onderwysers van Afr.). Oorsaak (a) Eng., (b) kontam. (bv. *Laat my weet as hy gekom het*).

As i.p.v. soos: Stil as die graf. Soms Nedl.

Wanneer i.p.v. as/toe (vgl. egter Langenhoven in "Hoe om te Skrywe"): Afr. "wanneer" alleen (a) in Vrae (direk en indirek), (b) na "as", (c) van herhaalde handeling (*Net wanneer ek daar kom . . .*), (d) soms byw. bysinne in teenw. tyd.

Dan i.p.v. toe: seldsaam by Afrikaners (*toe* te gebruiklik): *Dan het hy . . .*

Dan i.p.v. as (vergelyking): òf Nedl. verwarde skryftaalinvloed¹ òf Eng. onverdeelde skryf- en spreektaalinvloed. Egter ook Nederlandistiese Afr. afwisseling: *Ons werk harder as patriotte dan as slawe; Hy lyk mooier as hy slaap dan as hy wakker is* (gewoonlik: *as wanneer hy . . .*).

Die meer, die vroliker: seldsaam.

Siende dat i.p.v. aangesien.

Waar i.p.v. as, aangesien, ens.: *Waar jy onseker is, vgl. die Eng.*; *Waar die geledere van albei groepe duidelik getoon het dat hulle ten gunste van versoening is, sal die struikelblok*

¹ A. de Jager: Taalk. Handl. tot de Statenoverzetting (1837): *als dikwels in Statebybe en spreektaal; dan is "keurige taal."*

van leierskap nie in die pad staan nie (DB 5.1.31). Miskien Nederlandisme.

Terwyl i.p.v. hoewel, en: Hulle wil hê ek moet wen, terwyl ek g'n kans het nie.

Beide . . . en: v. Deel II: waarskynlik angl.

FUNKSIEVERANDERING.

Argumente op "funksieverandering" gegrond het nie veel krag meer nie (vgl. bv. J. J. le Roux 135, D. B. Bosman, Boshoff 329). Vas staan egter dat Eng. in baie groter mate as Afr. dieselfde woorde in verskillende funksies kan gebruik; dgl. woorde beïnvloed dikwels die ooreenstemmende Afr. woorde. Kortom, ons kan aanneem dat funksieverandering as *bewys* van vreemde invloed die bodem ingeslaan is, maar seker is dat dit as 'n nuttige *aanduiding* van moontlike Eng. invloed by losstaande woorde kan dien. Buitendien is dit nuttig vir klassifikasie:

Bnw. word snw.: tinte van ligroos en rooskleurig (DB 27.1.31; vgl. egter bv. 'n oulap se rooi); die dode was aan gifgas te wyte (*deaths*).

Snw. word ww.: tente in elk waarvan blykbaar manne, vroue en kinders gehuis het (DB 29.1.31); winste word gebank (30.1.31); ek grap maar; dit pyn baie.

Ww. word snw.: Die snw. is abstrak, die ww. konkreet: Die skryfblok met die grootste verkoop in die wêreld; Hierdie bekende maak (13.7.32; *soort motor*); Natuurlik moes hy 'n mis kry (19.1.31; *sy skoot is as mis beskou*); Die kyk van sy moeder (Merk Gemaak 14); die betaal is net £1 per maand meer, 'n haarsny, 'n buig, al sy sê sê, al die sê hê, gee die klok 'n luitjie, 'n gryp maak, laasgenoemde se gooitjies (3.1.31).

(e) SINSBOU.

Enkelvoudige Sin:

(a) *Woorde:* *Bnw. na snw.:* Hy tree uit sy hokkie 'n vrye man (de Waal: Oorlog 156); Hy is 'n leidsman gebore (Getrou 78). Seldsaam, omdat dit literêre Eng. is.

Volgorde van bnw.: Gryns ou Kaffer (Teleurgesteld; Afr. *ou gryns kaffer*: tyd eerste); dankie baie.

Sekere bywe. : DAN : Maar dan, hierdie gedagte het eis geword in 1813 (Nienaber in Gedenkboek 12); Miskien is sy vertolking meer Duits as Frans; maar dan, Saint-Saëns se musiek is geensins puur Frans nie (DB 5.1.31).

DAN i.p.v. *dus/toe* : Ons het dan maar die twee oudste broers die grond laat neem (Geraamte 3, en verder ook). Nouliks, dan, was hy . . . (de Waal : Oorlog 90, 100).

NOU : Waarom, nou, is dit so?

OOK : Ek dink so ook. Ek ook het hom lief (Misdade 224, d.w.s. *ons het mekaar lief*).

Bywe. deur lang rus afgeskei : Voorlopig, dus, het die eiland (de Waal : Oorlog 56); Ernstig, kan ons nie 'n ooreenkoms met mekaar tref nie? (*Seriously*, de Waal : Oorlog 47); Intussen, moet liever nie weer aan my skrywe nie (Oorlog 144); As gevolg van die dreigende oorheersing van Eng., egter, het die Afrikaner . . . (M. C. Botha in Gedenkboek 26; baie algemeen; Afr. het g'n pouse nie, en plaas die "egter" na die ww.); Dr. de V. en sy broer, egter, het veiliger begin speel; Op hierdie stadium, egter, het . . . (DB 3.1.31); Hulle teenstanders, intendeel, het goed saamgespeel (do.).

(b) *Frases* : *Alleen* : Gesond en sterk gebou, sal hy nie maklik ingee nie; 'n Man van min woorde, het hy (31.12.30); Vriendelik en opgeruimd, werksaam en behulpsaam, ywerig in die diens van sy Heer, van sy Kerk, van die medemens, kan ons (sic!) moeilik dink aan . . . (DK 22.2.33); 'n Teleurgestelde man het P. na sy plaas gegaan (DH 11.12.36); Opgelei as verpleegster het sy . . . (DB 31.12.30); Gebore in B. en groot geword in die distrik B.W., was hy . . . (de Waal : Oorlog 6); Gevra watter veranderings get. se busse op die roete teweeggebring het, het Mnr. H. gesê (DB 24.1.31); dat daar iets met die perd verkeerd was, indien nie heeltemal mank nie (DB 1.1.31); Toe al vroom en toegewy, het hy . . . (DK 22.2.33); Dit verby, het . . .

Voegw. & Frase : Die Bolero mag, wanneer goed gedans, nie toeneem (DB 26.1.31; uiteraans anglisistiese skrywer); Hoewel my junior in die Kollege, was hy . . . (DK 22.2.33); Onder die slik lê 'n laag kieselaarde, wat droog is, maar wanneer in vogtige toestand, waterdig word (DB 5.1.31).

Woordorde :

Onbep. Wyse nie aan die end nie : Maar terwyl die Kerk dit doen, moet hy ook ten volle erken die wetenskaplike ontdekkings (DK 24.12.30); Dis vandag Nuwejaar en ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om my lesers toe te wens 'n weg met rose besaai gedurende die nuwe jaar (DB 1.1.31); . . . te verklaar *dat*, alhoewel ons altyd sal verwag en werk vir sosiale regverdigheid vir almal en sal waardeer enige behulpsume aanbod of uitnodiging van die blanke seksie van die gemeenskap, *wens ons* nie aan te dring op . . . (DK 4.2.31).

Verl. Deelw. nie aan die end nie : Op Sondag, 7 Desember, het ons Moedersdag gevier vir die derde maal (DK 14.1.31); en Salomo het geweet die afkoms van die koningin van Skeba . . . maar Salomo het baie gehou van Osifra (Kon. van Skeba 177, 178); Die gewone . . . betekenis . . . het net ingesluit dié aktiviteite wat (Coetzee 139).

Plek voor Tyd : Die skole gaan weer oop oor 'n paar dae se tyd; Dat die Angolaboere in Suidwes enige maande was; Ontslae van die goeters vir die oomblik (de Waal: Oorlog 22); Ek was vas van plan om self na die Eiland te gaan môre (do. 85); Die uitslag het in die weegskaal gebly tot op die laaste oomblik (DB 19.1.31). Afr.: Oor 'n paar dae . .

Inversie : ontbreek soms: Ek gaan môre weg, ek dink; Hy is siek, jy weet; Dus psigiëse materiaal wat in die Vbw. verkeer, is wel ook vergeet, maar . . . (Coetzee 104), Dus alle vergeet is nie daarom verdringing nie, Dus die onderdrukking onttrek die energie (do. 104, 91, ens.).

Inversie : soms navolging van Eng. en dubbelsinnig in Afr.: Hierdie vraagstukke het die Lambeth-Konferensie in die oë gekyk (DK 24.12.30); Elkeen van ons lesers wens ons van harte 'n geseënde Kersfees toe (Red DB 25.12.30). Die Eng. woordorde is ondubbelsinnig: These problems the L.C. faced.

Bysin : ww. nie aan die end nie: Dat my hart brand vir my eie volk meer en meer (DK 27.7.32); En wat is meer, dis mooi; Wat is wat; Dat die rebelle sou die oorhand kry (Stille Waters 72); Dat die vriende wat hier in Dublin

met Erasmus in aanraking gekom het, sal nou wel ander gedagtes gekry het (Merk Gemaak 199); Dat by so 'n druk verkeer moet die veiligheid soveel moontlik beskerm word (do. 131); dat ons mense kan nie in Z bly nie (DK 13.7.32).

Gebruik van die hoofsin se woordorde in die bysin brei uit, soos ander gevalle waar woordorde beïnvloed word, weens (1) Engels, (2) Styl-eise, bv. klem: 'n organisasie wie se dwase oogmerk is die omverwerping van die landsbestuur (DB 19.1.31), (3) Lompheid soms van die Afr. woordorde, (4) byvoeging van 'n "afterthought", bv. Ek het gegaan—gister, (5) afwisseling in Afr., bv. woordorde in selfst. bysin sonder *dat*; tweede bysin soms soos hoofsin: En toe die plegtigheid verby was en hy was net op die punt om weer te vertrek, sê die man vir hom (Stille Waters 57); tweede hoofsin na bepaling soms verkeerdelik on-omgesette woordorde; ook in Mnl. is die woordorde baie onvas, vgl. Stoett 314, 332; (6) kontaminasie met normale orde en orde van hoofsin, bv. Hoe nader die dag kom, hoe swaarder dit word (Skeba 149), Hoe eerder dit bekend word, hoe meer kans daar is dat (DB 21.1.31); Hoe eerder hierdie verklaring kom, hoe suiwerder die posisie sal word (do.).

G'n dat: ook Mnl. en Nnl. volkstaal; gevolg van kontaminasie met direkte rede. Soms egter bysin-orde sonder *dat*: Wat hy werklik gemeen het uit sy eie binneste te voorskyn kom (DK 14.1.31); Wat ek hoop op dieselfde neerkom (Stille Waters 5). Waarskynlik te wyte aan bv. *What (I hope) comes to the same thing.*

Gaan en haal die dokter (Merk Gemaak 17); Gaan en soek Livingstone (V.A.K. 10.9.31); Gaan en dink; Probeer en kyk of . . .; Sal ons gaan en sien of . . . Miskien ook te wyte aan lang pouse na eerste ww.

Tweede nie ontbreek: Miskien ook aan Nedl. invloed en lompheid van die Afr. te wyte—tweede *nie* alleen soms by "omdat" nuttig.

(f) IDIOMELEER.

Nasporing van Eng. invloed word hier deur twee faktore bemoelik :

(1) Spreekwoorde en uitdrukkings is meestal op algemeen menslike ondervinding en gevolgtrekking gegrondves ; bv. Afr. *Van uitstel kom afstel*, Eng. *To-morrow comes never*, Spaans *Met Netnoustraat kom mens by die huis van Nooitnie*. Omdat hulle byna altyd figuurlik is, kan 'n spreker die beeld onbewus in 'n ander taal weergee. Dit is dus moeilik om hulle te vermy of raak te sien.

(2) Gemeenskaplike oorsprong : Die Europese tale is almal deur dieselfde invloede verryk, bv. die Bybel en die Klassieke ; so Afr. en Eng. *sonder rym of rede* uit Fr. *sans rime et sans raison* ; Afr. en Eng. 'n *lewe lei* uit Lat. *vitam ducere* ; Afr. en Eng. 'n *slang in die gras* uit Lat. *anguis in herba* ; Afr. en Eng. *manteldraaier* uit Fr. *tourner casaque* ; Afr. en Eng. *iets uitvis* uit Lat. *expiscari*. Weer moet ons dus ons toevlug neem tot aanduidings wat die stoflike kultuurtoestande ons verskaf. Vgl. ook Malherbe : Spreekwdb.

Die Eng. Idiomeleer kan die Afr. op verskeie maniere beïnvloed : (1) **Aanhaling**—onvertaal (kom dikwels voor), soms met die byvoeging : “soos die Engelsman sê” ; (2) **Kontaminasie**, bv. Die bul by die horings pak (Nedl. *koei*) ; Waar daar 'n wil is, is daar 'n weg (Nedl. *sonder daar*) ; Sy beste voet voorsit (Nedl. *been*) ; (3) **Ontstaan**, bv. geld maak, ruggraat hê, kennis is mag. Voorbeelde word in Deel II gevind.

Idiomatiese gebruik van Voorsetsels : kan onder twee hoofde bespreek word : (a) Selfstandige voorsetsels : elkeen dui 'n min of meer algemene, vaste begrip aan, bv. *agter, met* ; (b) Afhanklike voorsetsels : na bepaalde eenhede moet bepaalde voorsetsels gebruik word, bv. *afhanklik van, lewe van, ontevrede oor*. Aangesien elke geval onder (b) 'n losstaande geval is, sou 'n bespreking daarvan op 'n lys voorbeelde uitloop. Selfs by (a) is die gebruik van voorsetsels in alle tale die onlogiesste, vaagste deel van die taal, met die gevolg dat verandering deur analogie en kontaminasie selfs

sonder uitheemse invloed kan plaasvind ; so die uitbreiding van VIR in Afr. (vgl. D. B. Bosman 90, J. J. le Roux 138), of die weglating of gebruik van voorsetsels, bv. *vra (aan) hom, skrywe (aan) my, gee (vir) hom die pen, sê (aan) hom*. Vandaar dat in die duisternis en verwarring enersyds die Afr. en die Eng., en andersyds die Afr. en die Mnl. sonder onderlinge beïnvloeding of verband, soms ooreenstem ; bv. Afr. & Eng. : *by dag, in dié opsig, wat dink jy van hom ?, agtermiddag, aan alle kante* ; Afr. & Mnl. : *lewe op brood, siek van koors, arm/ryk van beeste, voorsien met kos*. Weer is die oorwegings wat Eng. invloed aantoon of weêrlê nie soseer letterkundig nie as wel kultuur-histories ; so is *lewe op* gewoonlik Afr., *voorsien met* gewoonlik 'n angl.

Soms ontbreek 'n voorsetsel waar dit in Eng. nie maar in Afr. wel moet voorkom, bv. *Dieselfde grootte/kleur/lengte wees [van], Tweekeer 'n week, Die end van daardie week was ek kapot, Hierdie jaar/maand/week [vandeess-], Hy trou haar, aan boord skip*.

'n Paar voorbeelde volg :

(a) *Selfstandig* : "Agter" i.p.v. "na" van tyd (ook Mnl. en Nedl. dialekte, bv. *agtermiddag* × *namiddag*) ; "van" oorbodig (bv. *die maand van April, gemeente van Wellington, distrik van Barkly-Wes, soort van appel*—Nedl. maar nie Afr., *stroom van passasiers, bondel van sleutels, bos van blomme, 'n blad met die naam van "Freedom's Journal"*) ens.

(b) *Afhanklik* : Werkwoorde met "VER" afgelei tref ons in honderde in Afr. (Potgieter : Afr. Gram. 169) ; die gemis van 'n gemeenskaplike taal (Red DB 6.9.32) ; *Vrae op* Hoofstuk I (Potgieter) ; Geen hoop van 'n voorwaartse stap (Red DB 19.1.31), ens.

Kontaminasie speel 'n groot rol, bv. *'n menigte mense* × *'n menigte van hierdie mense, vol water* × *vol van die vuil water*. Alleen 'n eg-Afr. taalgevoel kan voor of teen Eng. invloed besluit ; Nedl. of Mnl. parallelle baat weinig (bv. Statebybel : *die wind blaas ; feil ; te kort skiet*, soos : *In sy eksamen feil* ; ens. Ook bv. Van Helten : Vondel's Taal 102 vlgg.).

(g) **KLANKLEER.**

(V. bls. 134.)

(h) **VORMSAKE.**

In die skryftaal is daar so baie klein konvensietjies, dat 'n volledige bespreking ondoenlik is. Ook hier kan egter vasgestel word dat die Eng. 'n wye maar oppervlakkige invloed uitgeoefen het, en dat geen groot, deurlopende kenmerke van die Afr. skryftaal daaronder gely het nie.

Spelling : Losstaande puntjies en gevalle soos : Bah ! (DK 28.1.31) ; Ah ! (de Waal : Oorlog 172) ; staff, adres, hartelik (heartily : veral onder Engelse), Hetty, Betty, kannie, grammofoon (DB 23.2.32), ens.

Losskrywe : huis vrou, uit gaan, ens.

Interpunksie (H. Frijlink : Over de Interpunctie : Amst. 1857 ; J. Greidanus : Beginselen en Ontwikkeling van de Interpunctie : Zeist. 1926).

Aanhalingstekens : “—” is Eng., maar baie geriefliker, duideliker en minder vatbaar vir misverstand as die Nedl. „—” bv. *Die man gaan voort : „Voeg in die woorde, as die Bybel dit sê, moet ons hom glo, ná die sin, en begin met, 'n Japanner, wat in daardie dae geminag is'.* Die “Engelsche manier” (Frijlink 54) is in alle opsigte aanbevelenswaardig : “Add the words, ‘if the Bible says so, we must believe it’, after the sentence, and begin with, ‘a Japanese, who . . .’”

Kommas : Afkeurenswaardig is die komma i.p.v. die dubbelpunt, bv. in : Sy buk oor hom en sê, “ek is . . .” (DK 27.7.32). Seldsaam.

Aangesien die Afr. skryftaal foneties is, en in die volgende gevalle daar in die Afr. spreektaal geen merkbare pouses is nie, behoort die kommas verwyder te word : Gelukkig, het hy dit gekoop ; Gevolglik, sal hy ; Ons hoop, egter, dat (Byw. of byw. frase) ; Toe ek jou sien, Piet (Vocativus) ; Die voëls lewe in die lug : die visse, in die water ; die wurms, onder die aarde ; Spreek is silwer : swye, goud ; Varke woon in varkhokke : mense, huise (Weglating van reeds gebruikte woord). So kan die Afr. soos die Eng. onderskei tussen

“restrictiewe en explicatiewe” betreklike sinne (vgl. Greidanus 252 vlgg., Afr. Woordelys, 4e Uitgawe bls. xxv); bv. *Die man wat dit gemaak het, is siek* × *Die man, wat dit gemaak het, is siek*; Nedl. slegs: *De man, die . . .* Op dieselfde manier wyk die Afr. van die Nedl. af en stem met die Eng. ooreen by selfstandige bysinne: *Hy sê dat hy . . .* × Nedl. *Hij zegt, dat . . .* Hierdie twee gevalle is nie bewyse van Eng. invloed nie.

Briewe en Sakeformules (business forms: style, formulae, printed forms):

Adres: 9, Gilmour Hill Weg (Afr.: *Gilmour-Hillweg* 9); Hoofst. (Afr. *Hoofstr.*).

Datum: 13de Augustus, 1933 (Afr. 13 *Augustus* 1933; *die 13de . . .*); die Afr. datum word nie verkort nie, soos bv. 13 *Aug.* '33.

Aanhef: Liewe Piet, (Afr.: Beste Piet!) Net 'n paar lyntjies/reëltjies om . . .

Slot: Hopende om . . . Met baie liefde, Is/Bly ek, Noem ek my, Jou troubare/liefde/lieflike/liewe/ens., Seun/Dogter.

Afkortings: Hanekom Gebrs., m.p.u., p.k., S. G. O., G.G., P.M.G., L.P., H.P.K., P.O., betd., K.M.B., K.O.A., ens. K.W.V., SASKO, SANLAM, ens. P.K. soos P.O. i.p.v. Pk.; K.P. soos C.P. i.p.v. Kp.; en/of.

OPSOMMING: Die Invloed van Engels op Afrikaans: Raak die puntjies van alles maar die kern van niks.